

Dinsdag 14 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-25

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:17-20

Dubbele eerwaardige kerkraad ...?

Die opsienersamp is 'n voortreflike werk. Hierdie voortreflike diens vorm die rugsteun van die kerk van ons Here Jesus Christus. Die amp gaan immers die kerk vooraf. Die ouderlinge waak oor die leer en lewe van die lidmate. Hulle moet toesien dat die lidmate nie sonde vervuil nie, maar in heiligheid rein word.

Deur die Woord van God moet hulle toesien dat Christus sy gemeente regeer en hulle moet reg laat geskied aan die eer van God wat sy gemeente wil opbou in die allerheiligste geloof deur sy Woord en Gees. In hierdie opsig moet die ouderlinge voorgangers wees, 'n voorbeeld in die geloof.

Die kerkraad moet tog eer waardig wees, omdat hulle in 'n voortreflike diens staan. Daar is egter sommige wat daarin besonderlik voorgaan. Dit is die ouderlinge wat in woord en leer arbei. Hulle is die leerouderlinge, die predikante. Hulle is dubbele eer waardig. Nie in eer nie, maar hier bedoel om ook versorg te word. Hulle is afgesonder om die gemeente te onderrig in die woord en leef van die evangelie.

Jy mag egter 'n os wat graan dors, nie muilband nie. Met ander woorde, jy mag nie bloed uit 'n klip tap nie. Hierdie bepaling uit Deuteronomium 25 geld dat diere nie misbruik en mishandel mag word nie – soveel te meer vir hulle wat van die evangelie moet leef.

Mag ons gemeentes en ouderling dubbele eer waardig wees, en mag ons as arbeiders die loon werd wees.

Sing: Psalm 134-1:1, 4

Ds. LJE (Lourens) Venter (Kimberley)